WELKOM BY

# TEKSMARK

## 2026

10 & 11 September • Baxter-teater



'n KKNK- en NATi-projek.
Ondersteun deur die Baxter-teater, Het Jan Marais Nationale Fonds en UJ Kuns en Kultuur.

KKNK · nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF · THE BAXTER · UNIVERSITY OF JOHANNESBURG · HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS


FEES volUIT
KKNK 30
absa
KKNK
2027
23 TOT 27 MAART
@KKNKfees
Oudtshoorn • kknk.co.za

# WELKOM

## by die 11de Teksmark Baxter

**Teksmark** is ’n unieke teks-ontwikkelingsplatform wat die skep van nuwe Suid-Afrikaanse teatertekste aanmoedig en om skrywers en rolspelers in die teaterbedryf met mekaar te verbind, vir moontlike investering en verdere ontwikkeling van tekste.

Veertien nuwe Suid-Afrikaanse stories met ’n fokus op kabaret, satire en komedie, is vanjaar as deel van **Teksmark** by die Baxter-teater te sien. Verteenwoordigers van teaters, feeste, produksiehuise en ander moontlike beleggers word genooi na **Teksmark** om sodoende direk met skrywers oor hul werk in gesprek te tree.

Skrywers kry by **Teksmark** die geleentheid om oor hul nuwe teksidee te gesels en daarna ’n kort uittreksel as leesteater aan te bied. Sedert die ontstaan van **Teksmark** is meer as **200 teks-idees** deur **meer as 180 skrywers** vir verdere ontwikkeling voorgelê, waarvan meer as **50 tekste** tot volskaalse produksies ontwikkel is. Hierdie produksies het ook reeds hope pryse ontvang.

**Teksmark** word aangebied deur die KKNK en NATi, met ondersteuning van die Baxter-teatersentrum, Universiteit van Johannesburg (UJ) Kuns en Kultuur en die Het Jan Marais Nationale Fonds.



# PROGRAMSKEDULE

## Donderdag 10 September 2026

### 09:00 TOT 11:00 ▪ SESSIE 1

**Inleiding tot kabaret**
Aangebied deur **Marthinus Basson**
Met uittreksels en optredes deur
**Llandi Beeslaar**, **Karli Heine**,
**Ilse-Lee van Niekerk, Faith Kinniar** en
**Vihann van Rooyen**

### 12:00 TOT 13:30 ▪ SESSIE 2

**Helmond-strik ('n kabaret)**
Deur **Nell van der Merwe**
Uittreksel o.l.v. **Nell van der Merwe**
Met onder andere **Daneel van der Walt**,
**Geon Nel** en **Ancois Bodenstein**

**Dom en die donker dinge**
Deur **Lukhona Mkunyana**
Uittreksel o.l.v. **Petrus du Preez**
Met **Lukhona Mkunyana** en
**Nelandi Boshoff**

**Hi, Jack**
Deur **Moeniel Jacobs**
Uittreksel o.l.v. **Moeniel Jacobs**
Met **Mbulelo Grootboom** en
**Abduragman Adams**

### 14:30 TOT 16:30 ▪ SESSIE 3

**Doringdraad**
Deur **Richard van der Westhuizen**
Uittreksel o.l.v. **Schalk Joubert**
Met **William Berger**,
**Lea Steenkamp**, **Karli Heine**,
**Eldon van der Merwe** en
**Braeden Buys**

**Die Masjien**
Deur **Beyers de Vos**
Uittreksel o.l.v. **Beyers de Vos**
Met **Antoinette Kellermann**,
**Carlo Daniels** en
**Wilhelm van der Walt**

**From the River (Thames) to the Sea (Point)**
Deur **Mike van Graan**
Uittreksel o.l.v. **Mike van Graan**
Met **David Muller** en
**Nicky Rebelo**

**Ontaard**
Deur **Jeanne-Marié Koekemoer**
Uittreksel o.l.v.
**Jeanne-Marié Koekemoer**
Met **Wian Taljaard** en
**Kristen Fichardt**

# PROGRAMSKEDULE

## Vrydag 11 September 2026

| 09:30 TOT 11:00 ▪ SESSIE 4 | 11:30 TOT 13:30 ▪ SESSIE 5 |
|---|---|

### 09:30 TOT 11:00 ▪ SESSIE 4

### Kind Regards en so
Deur **Esther von Waltsleben**
Uittreksel o.l.v. **Esther von Waltsleben**
Met **Nicole Holm**, **Erica Wessels**, **Maurice Paige**, **Jan-Hendrik Opperman** en **Awethu Hleli**

### Straatpraatjes
Deur **Dean Balie**
Uittreksel o.l.v. **Dean Balie**
Met **Royston Stoffels**, **Frazer Barry** en **Eldon van der Merwe**

### Pêrels en pekanneute
Deur **Janine Opperman** en **Henriëtta Gryffenberg**
Uittreksel o.l.v. **Sylvaine Strike**
Met **Janine Opperman** en **Henriëtta Gryffenberg**


### 11:30 TOT 13:30 ▪ SESSIE 5

### Why my Ulusu
Deur **Stephanie Hough**
Uittreksel o.l.v. **Nicole Holm**
Met **Stephanie Hough**, **Ntombi Makhutshi**, **Abigail Jones** en **Taysia Dass**

### TILT
Deur **Reuben Murphy**
Uittreksel o.l.v. **Reuben Murphy**
Met **Cantona James** en **Charlene le Roux**

### Skaal
Deur **Steyn du Toit**
Uittreksel o.l.v. **Tara Notcutt**
Met onder andere **Marion Holm** en **Josh Prinsloo**

### Oralkind
Deur **Peter-John Titus** en **Nico Scheepers**
Uittreksel o.l.v. **Nico Scheepers**
Met **Peter-John Titus** en **Frieda van den Heever**





# Die Masjien

Beyers de Vos

"By Nugenics glo ons: elke kind verdien 'n perfekte begin. Van geslag tot IK, van oogkleur tot aanleg – niks word aan toeval oorgelaat nie. Kies uit ons basiese reeks produkte, of gaan groot met ons premium-pakket. Teen 'n afslagprys hierdie maand: ons musikale-oor-pakket, gekombineer met ons ekstralengte-byvoeging. Onthou: 'n bykomende sentimeter vandag is selfvertroue vir môre. Nugenics: waar die toekoms nie toevallig is nie."
Ons is almal in 'n masjien gemaak (familie, samelewing, skool, kerk en tegnologie) wat ons identiteite, liefdes en keuses bepaal. In 'n wêreld wat ons menswees verpak, bemark en verkoop vir wins, vra *Die Masjien*: kan ons ooit werklik vry wees?

**Beyers de Vos** se debuutroman, *Talion* (2018), was op die langlys vir die Barry Ronge Sunday Times-fiksieprys en is ook beskikbaar in Afrikaans as *Wrok*. Sy toneelstuk *Die Suid-Afrikaners* is in 2022 by die Woordfees benoem as beste debuutwerk.

**"Julle kom hierheen met julle verlies en julle liefde en julle goeie bedoelinge, en julle dink julle gee vir 'n kind 'n lewe. Maar julle gee vir 'n kind 'n vonnis."**



# Dom en die donker dinge

Lukhona Mkunyana

Hoe kry jy iemand om om te gee? Hoe breek jy apatie af? Hoe kry jy mense om jou te betaal om hulle tereg te wys? *Dom en die donker dinge* vervleg narrespel en kabaret om kommentaar te lewer. Na vele pogings om mense te probeer oortuig om om te gee oor wat in hul land aangaan, is *Dom en die donker dinge* hier om jou te laat sleg voel oor jou onkunde. Geniet dit!

Toneelspel, skryfkuns, sang, dans, storievertel en vele ander vorme van kreatiewe uitdrukking is wat vir **Lukhona Mkunyana** na aan die hart lê. Hy is 'n vryskutkunstenaar wat probeer om sy passie in 'n loopbaan te omskep. Hy is in Mthatha gebore, het in die Oos-Kaap en Wes-Kaap grootgeword en is 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch. Al is hy net 22 jaar oud, het hy vele ervarings opgedoen.

**"Here in Mzansi, we ignore the problems of today, and drink like there's no tomorrow."**




# Doringdraad

Richard van der Westhuizen

*Doringdraad* is 'n kabaret in die historiese betekenis van die woord. Twee engele val terug aarde toe weens onkuise gedagtes. Hulle word deur die seremoniemeester, Sataniël, touwys gemaak. Dit lewer kritiek op verskeie aspekte van die samelewing, onder meer dekadensie, geldgierigheid, charismatiese geloof, pretensie, politiek en Afrikaanse musiek. Dit is ernstig, maar op 'n speelse wyse. Baie van die sketse is komies, maar onder die lag is daar 'n dieper boodskap. Die aanbieding is lig en snaaks, maar tog met emosionele diepte. Die musiek wissel van die ernstige proloog en epiloog tot gospel, liefdesliedjies, rock en rap. Donker drama speel 'n belangrike rol in die aanbieding.

**Richard van der Westhuizen** is 'n bekende akteur, sanger en liedjieskrywer. Hy is al byna 50 jaar doenig in die uitvoerende kunste. Ná deeglike praktiese opleiding op die professionele verhoog het hy later uitgebrei na televisie, film en musiek. In 1979 het hy die lirieke van Hennie Aucamp se *Die lewe is 'n grenshotel* vir die gelyknamige kabaret getoonset, wat toe deur die Swaruk-geselskap met groot sukses in die Alte Feste-fort in Windhoek en by verskeie militêre kampe tydens die Grensoorlog op die grens opgevoer is. In 1992 het hy die temalied vir die TV-reeks *Ballade vir 'n enkeling* geskryf en gesing, gevolg deur *Tussen treine*, wat lei tot groot sukses vir hom as sanger en liedjieskrywer. Hy het vier radiodramas geskryf wat op RSG en SAfm uitgesaai is.

Jy breek jou eie skanse
Jou hart, jou siel lê naak
Jy gee jou eerste treë
Deur rolle doringdraad.



# From the River (Thames) to the Sea (Point)

Mike van Graan

Twee Suid-Afrikaners, ’n Jood en ’n Afrikaner, staan in die tou op die lughawe en wag om aan boord te gaan vir hul onderskeie vlugte na Israel en Londen, waarheen hulle onderskeidelik geëmigreer het. Hulle het pas familie in Suid-Afrika besoek en is nou op pad terug na die lande wat hulle gekies het. Hulle dink terug aan die goeie ou dae ...

**Mike van Graan** is ’n onafhanklike dramaturg en vervaardiger wat in Kaapstad gebaseer is. Met 43 toneelstukke op sy kerfstok, word hy beskou as een van Suid-Afrika se bedrywigste en mees gesiene kontemporêre dramaturge. Hy bemoei hom by uitstek met die persoonlike en politieke dialektiek, waarvoor hy reeds talle pryse en benoemings ontvang het. Hy is bekend vir sy satiriese revues wat uit verskeie sketse bestaan, waaronder die *Bafana Republic*-reeks, *Pay Back the Curry*, *Return of the Ancestors* en *My Fellow South Africans*, wat in 2024 by die Woordfees dié stuk se eerste van vele pryse en benoemings ontvang het.

**Afrikaner:** Those was the days, hey.
South Africa and Israel.
We learned about military and
nuclear stuff from you.
You learned about apartheid from us.



# Helmondstrik ('n kabaret)

Nell van der Merwe

*Helmondstrik* is ’n donker sprokieskabaret oor verlore narre, ’n misterieuse voëlvanger en ’n konkelende sirkusmeester.

**Nell van der Merwe** is ’n teatermaker met ervaring in regie, animasie, beligting, projeksie en stelontwerp. Sy het ’n meestersgraad in drama aan die Universiteit van Pretoria verwerf, waar sy C.L. Leipoldt se *Die laaste aand* nagevors het, asook ’n meestersgraad in teater aan die Universiteit van Kaapstad, met ’n praktykgebaseerde studie getiteld “My Sunprinted Archive is Blue”. Haar onlangse werk sluit in projeksie-animasie vir *Die een wat bly* (2025), stelontwerp vir *’n Middel*, wat in 2026 by die Woordfees debuteer, en werk in die kunsdepartement aan films soos *Landmyn* (2026) en *Trilstraat* (2026). Sy is tans besig met ’n gesamentlike doktorsgraad aan die Universiteit van Groningen en Universiteit Stellenbosch, getiteld “Die laaste hiëna van Germania: A Folk Horror Study”.

**Die Voëlvanger:**

Ek voel iets vreemd gaan gebeur.
Op hierdie dag
Nog binne hierdie uur.
wat sal mens betaal
vir een ou verhaal
'n lewe is te duur
Ek voel iets vreemd gaan gebeur
Die kruispad gaan gewaak
tot 'n verhaal van ou verraad ...



# Hi, Jack

## Moeniel Jacobs

*Hi, Jack* is ’n spanningsvolle psigologiese riller wat in Kaapstad afspeel en die kwellende nagevolge en rimpeleffek van staatsgeweld en trauma uit die apartheidsera ondersoek. Jack Ntshona, ’n voormalige uMkhonto weSizwe-vegter en intelligensie-agent, worstel met psigologiese letsels en het ’n sensoriese gestremdheid. Gedryf deur verdriet en ’n dodelike obsessie, ontvoer hy Jimmy, ’n “kleinsake-eienaar” met bande met ’n bende, wat hy aan ’n wrede, berekende verjaarsdagritueel van marteling onderwerp ter nagedagtenis aan sy oorlede dogter. Met ’n opgeleide moordenaar wat staan teenoor ’n man wat desperaat probeer om sy maatskaplike probleme te oorleef, ondersoek die toneelstuk misplaaste wraak en die blywende gevolge van geweld.

**Moeniel Jacobs** is ’n gepubliseerde skrywer wat as jeugontwikkelaar, deeltydse skrywer en akteur werk. Hy was die oorspronklike vervaardiger van die Afrikaanse stand-up-vertoning *AfriSnaaks*, wat by die Suidoosterfees gedebuteer het. As akteur was hy te sien as Jack in die televisiereeks *Melody* en as Tolla in die Oscar-benoemde speelfilm *The Heart Is a Muscle*. Hy is ’n bekende in die Kaaps-Maleise musiekkultuur en het die Kaaps-Maleise erfenis in New York se ikoniese Carnegie Hall verteenwoordig met sy produksie *Songs of the Cape*, wat sy boek *Rosa in New York* geïnspireer het.

"During the days of liberation when we would get tortured, I would play this music in my head and find that beauty find that peace "



# Kind Regards en so

Esther von Waltsleben

Dis die munisipale raadsaal. Van enige Suid-Afrikaanse dorp. Maar hierdie een is benoem vir Dorp van die Jaar, en die TV-spanne is op pad vir onderhoude en beeldmateriaal om aan die res van die land te wys hoe dit gedoen moet word. Ná die naweek se storm is die krag af, daar is nie lopende water nie en die burgemeester sit nog winddronk vas aan die anderkant van die rivier. Die WhatsApp-lyne gons, die inwoners knor en daar word gespartel om te keer dat onder se stink deurborrel na bo se blink. *Kind Regards en so* bied 'n satiriese blik op die politiek, die land en sy mense.

**Esther von Waltsleben** het drama aan die Universiteit Stellenbosch studeer. Sy is 'n vryskutaktrise, -regisseur en -skrywer en was tot onlangs nog te sien in die gewilde sepie *Suidooster*. Haar verhoogtekste sluit komedies in soos *Daai V-ding* en *O my goeie volk!*, sowel as dramas soos *Ansela van de Caab*. As teksontwikkelaar was sy betrokke by TV-reekse soos *Parys, Parys* en *Die Republiek van Zoid-Afrika*. Sy is tans deel van die dialoogskryfspan vir *Suidooster*.

**"Daai is seker die reason waarom die switches nie wil switch nie en ons so in die shadows sit. Ek mind nie. In die donker is almal ewe important."**



## Ontaard

Jeanne-Marié Koekemoer

Daan de Kleine, 'n selfverklaarde moderne VOC-videogame-turbo-virgin-dork, klop aan 'n deur wat lanklaas vir vreemdelinge oopgemaak is. Klara Hemelboom maak oop. Dis die aand van die wintersonstilstand in 'n ou huis op 'n bergpas in die hartjie van die Klein Karoo. Behalwe vir die soet gesang van besies en die af-en-toe-brul van 'n volstruis, heers daar 'n doodse stilte. Die moontlikheid van konings, bliksoldaatjies, dalk sterre, dalk engele hang in die lug. Hier waar mot en roes en berge nog altyd was en gaan wees. Begrawe hart, daar waar jou skatte is. *Ontaard* is 'n magiese tragikomedie: 'n moderne plattelandse sprokiesverhaal wat die hedendaagse verlies aan eenvoud verken. 'n Einde-van-die wêreld-feel-good. 'n Storie so oud soos die berge. 'n Meditasie oor die gevare van ons tyd en ons toekoms, die spoke van ons verlede, verken deur die magiese oerkrag van stories.

**Jeanne-Marié Koekemoer** is 'n opkomende multidissiplinêre teaterkunstenaar wat werk as skrywer, regisseur, speler, verhoogbestuurder en ontwerper. Sy het met lof gegradueer aan die Universiteit Stellenbosch, met 'n BA-graad in teaterstudies en 'n honneursgraad in drama, waar sy gespesialiseer het in kreatiewe skryfwerk onder leiding van Malan Steyn. In 2025 het sy die Theatre and Performance-program aan die Universiteit van Edinburg voltooi en is by die Woordfees as beste opkomende kunstenaar benoem. Haar werk is drie jaar agtereenvolgens as Première Teaterfees-wenners bekroon, onder meer vir die regie van *Kenan ennie Klopse* (Brons Ovation-prys by die NAF in 2026), as medeskrywer en speler in *Die koning en sy bruid*, en as mederegisseur van *The Old Man Who Thought He Had a Dog*. In 2026 behartig sy die regie van *Die poskantoor* (NATi Jong Sterre) en word sy vir 'n Kanna benoem vir die skepping van *Kaskenades!*.

**Soos oorle Mammie altyd gesê het: 'n mens weet nooit wanneer die Koninkie jou kom haal nie – maar wanneer hy kom, moet die tafel gedek wees en die stories mooi netjies opgesluit lê in die huis se bloed. Van stof is jy gemaak en tot stof sal jy terugkeer.**



# Oralkind

Nico Scheepers en Peter-John Titus

’n Splinternuwe, oorspronklike kabaret wat die fyn draadjies tussen generasies met musiek en klank heg. Herkoms en erfenis lê vir meeste mense in die fondasies van een huis, een plek waar alles begin het. Een werf waar generasies se geluk en verlies saamgebind is in die mens wat vandag hier staan. Maar daar is ander kinders op die pad – kinders met baie huise in een verlede. Nie *wees* van ouers nie, maar *wees* van plek. Jy dra nie die herinneringe van grond nie, maar die stories van jou grootouers. *Oralkind* is ’n ontmoeting met ons erfenis, ’n ontroerende, snaakse en boeiende verhaal van vasbyt, verlies en liefde – ’n soomlose stroom van woord en klank deur een klein lewe.

**Nico Scheepers** is ’n bekroonde dramaturg, skrywer en regisseur. Sy verhoogwerk is oor die jare by van die land se grootste Afrikaanse kunstefeeste aangebied, waaronder die KKNK, Toyota Stellenbosch Woordfees, Momentum Aardklop en die Vrystaat Kunstefees. Hy het reeds vyf Fiësta-pryse ontvang en is in 2018 met die Fleur du Cap-prys vir beste nuwe regisseur vereer. Benewens sy teaterwerk, skep hy ook vir film en televisie. **Peter-John Titus** is ’n musikant, kunsadministrateur en kreatiewe praktisyn in Stellenbosch. Hy is tans koördineerder van die Universiteitskoor Stellenbosch en werk aan projekte, toere, geleenthede en kommunikasie. Met ’n agtergrond in jazzstudies aan die Universiteit van Kaapstad en interdissiplinêre kuns, fokus hy op betekenisvolle skakeling tussen kunstenaars, gehore en instellings. Hy het onlangs die regie van sy eerste kortfilm behartig.

**"... maar dan weet ek dis omdat my ma ons grootgemaak het met grondboontjiebotterbroodjies, Benylin, en auntie Rina Hugo op RSG. So wit tannie kerksopraan pas verbasend goed in 'n bruin kombuis in die Paarl waar jy en altwee jou sussies by die tafel sit en maak of julle huiswerk doen terwyl julle moederhen uit volle bors soos 'n arend oor die teëlvloer sweef ..."**



# Pêrels en pekanneute

Henriëtta Gryffenberg en Janine Opperman

*Pêrels en pekanneute* is 'n astrante, vlymskerp nuwerwetse komedie oor vriendskap, verlies en die pure chaos van oudword met of sonder hormoonpille. Hester wil vir niks laat wees nie, maar Lente kaap hul rit na 'n beste vriendin se begrafnis met skokkende "onthou jy nog"-stories. Ten spyte van Google Maps wat probeer koers hou, verdwaal die duo telkemale hopeloos te midde van lag-tot-jy-bietjies-bietjies-piepie-gesprekke. Tussen die verkeerde afritte herleef hulle 40 jaar se op-en-af. Hulle loop weer die ompad van ma- en vrouwees se uitdagings en herleef in kleur en geur die nag toe Lente onlangs haar maagdelikheid verloor het! Onder die humor skuil pynlike waarhede oor beheer, die vrees vir verwerping en die onbaatsugtige liefde wat ons bind – selfs ná die dood.

**Henriëtta Gryffenberg** is 'n bekroonde skrywer bekend vir groot TV-treffers soos *Erfsondes, High Rollers* en *Broken Vows*. Haar verhoogstuk *Swartskaap* het die gesogte AngloGold Ashanti Smeltkroesprys en 'n Kanna-prys ingepalm. In Maart 2026 is haar uitmuntende rolprentverwerking van *Die dekonstruksie van Retta Blom* as beste internasionale rolprent in België bekroon. **Janine Opperman** bring ook ryk bedryfservaring as onder meer die voormalige hoofskrywer van *Villa Rosa* en senior bestuurder: realiteit en vermaak vir kykNET-kanale. Gesamentlik is hierdie dinamiese duo se indrukwekkende prestasies legio en beskik hulle oor kreatiewe vernuf. Hulle fokus met passie op verhale oor die Suid-Afrikaanse leefwêreld, verhoudings, diep verlies en die genesende krag van humor.

**Hester:** "Ek verjaar nou soos Benjamin Button ... agteruit. Volgende maand is ek tien."

**Lente:** "En oor tien jaar is jy dood."



# Skaal

Steyn du Toit

Ontmoet vir Boeta Kakkerlakkortbroek. Hy weeg al drie jaar lank lekkergoed by Sweet Republic in die Eikestad Mall. Sy suster, Gretig, bestuur die winkel en hanteer die kasregister. Hul ma, tannie Bettie, is die areabestuurder. Boeta glo hy woon in Jamestown. Hy ry elke oggend langs die R44 per fiets werk toe. In werklikheid is Boeta egter die KI binne-in die skaal op die winkel se toonbank. Hy werk bloot op sy hardste wanneer hy op die familie-opsie ingestel is. *Skaal* is 'n donker sosiale satire wat 'n *shoutout* gee vir al die onafhanklike kontrakteurs daar buite. Die lekkergoedwinkel, vol tannies en stemboodskappe, het 'n Kafka-agtige ondertoon.

**Steyn du Toit** is 'n kunsjoernalis, resensent en uitsaaier. Hy is tans die inhoudsbestuurder by MFM 92.6, die Universiteit Stellenbosch se radiostasie. Hy skryf al meer as 20 jaar oor teater, rolprente en die beeldende kunste vir publikasies soos *Sunday Independent*, *Die Burger*, *Rapport*, *Cape Times*, *Cape Argus*, *Financial Mail* en LitNet. Hy het op die keurpanele van die kykNET Fiëstas- en die Fleur du Cap-toekennings gedien, en was 'n beoordelaar by kunstefeeste soos die KKNK, Woordfees, die Vrystaat Kunstefees en die South African Music Awards (SAMAs). In 2014 het hy Basa se silwer-toekenning vir resensies ontvang. Hy doen tans 'n BA-graad in kreatiewe skryfkuns deur Unisa.

**Tannie Bettie (aan Gretig): "Wie skreeu so?"**
**Gretig: "Niemand, Mevrou."**
**Tannie Bettie: "Die skaal is hard."**
**Gretig: "Sorry, Mevrou. Ek sit hom dadelik sagter."**



# Straatpraatjes

Dean Balie

Mohamed Adhikari beskryf *Straatpraatjes* in sy boek *Straatpraatjes: Language, Politics and Popular Culture in Cape Town, 1909-1922* as 'n satiriese rubriek in Kaaps-Afrikaanse omgangstaal, soos gepraat deur die bruin werkersklas. Dit het van 1909 tot 1922 in die *APO*-koerant verskyn en was 'n kragtige wapen teen sosiale onreg, terwyl dit insig in identiteit en politieke standpunte binne die gemeenskap gebied het. In hierdie vinnige, sketsagtige driepersoonproduksie word Piet Uithalder die arm wat die spieël ophou. Die historiese rubrieke dien as wegspringplek om taal as beheermiddel, erfenis en satire te ondersoek. Deur die verlede op sy kop te draai, vra die produksie: Hoe het Suid-Afrika gelyk – en hoe herkenbaar is dit vandag?

**Dean Balie** is 'n vryskutkunstenaar met 'n loopbaan in teater, televisie en radio. Hy het in 2010 'n BA-graad in drama aan die Universiteit Stellenbosch behaal en sy professionele debuut by Maynardville gemaak. Hy het later as Young Kat Diamond in *Kat and the Kings* opgetree en 'n Fleur du Cap-prys vir beste akteur in 'n musiekblyspel gewen. Ander noemenswaardige produksies sluit in *Blood Brothers*, *Orpheus in Africa*, *Ver innie wêreld*, *Kittie* en *Orpheus McAdoo*. Hy was deel van die bekroonde *Die poet, wie's hy?* en het in 2021 'n Sinjatuur-Fiësta vir sy bydrae tot die kunste ontvang. Hy is die skrywer-regisseur van *Een vir my Baby* (Woordfees 2025) en *Baggage* (Suidoosterfees 2026).

**Piet:**
**Op die linker hand van Mr. Speaker sit die "Mixed Party", "British Party" sonder hulle "British Principles". Da sit Mr. Merriman met sy arm om Dr. Jamieson se nek.**



# TILT

Reuben Murphy

*TILT* is 'n donker en komiese afwaartse spiraal binne die glinsterende logika van oorlewing. Joshua word groot in casino-kleuterskole terwyl sy ma, Michelle, elke verlies in 'n nuwe plan omskep. Jare later verkoop hy intimiteit, probeer hy skuld onder beheer hou en klou hy vas aan dieselfde rituele waarmee sy eens die illusie van beheer geskep het. Te midde van flikkerende skerms, luiende telefone en 'n verhoog wat stadig onder papier begrawe word, stort kinderherinneringe weens die gevolge van volwassenheid ineen. *TILT* ondersoek dobbelary, sekswerk, oorgeëërfde gedrag en die gevaarlike verleiding van hoop. Dit vra of die herkenning van die patroon genoeg is om daaruit te ontsnap – of is dit bloot nog 'n *near miss*.

**Reuben Murphy** is 'n multidissiplinêre kreatiewe kunstenaar van Kaapstad wat in teater, film en televisie werk. Hy het drama en teaterstudies aan die Universiteit Stellenbosch studeer en werk as ontwerper en bystand-kunsregisseur. Vir televisie het hy gewerk op onder meer *Blood & Water*, *Wyfie*, *Taktiek*, *Die nuusmakers* en *Die oord*. Hy het teaterproduksies soos *diejaarvandieavo*, *Made You Look* en *buite.buite.buite.* geskryf, geregisseer en ontwerp, en was deel van die bekroonde NRNNSA-ensemble. Hy werk in verskeie dissiplines, waaronder uitvoering, visuele identiteit en papier- en digitale rekwisiete, en skep speelse, eerlike en visueel kenmerkende werk waarin ontwerp, karakter en narratief onafskeidbaar is.

**"Hope is a terrible fuel. It burns dirty and leaves ash everywhere."**



# Why My Ulusu

Stephanie Hough

Die stuk fokus op die verhaal van vier Suid-Afrikaanse vroue wat hul lewe en werk in 'n uitbuitfabriek navigeer. Mamma Thandi en haar span maak klere van organiese materiale wat wettig, onwettig, deur tenderpreneurs en op die swartmark bekom word. Besigheid floreer. Maar Compliance is op pad! Soos die kabaret ontvou, stroom bestellings in in 'n *game-show-styl*, waar die samelewing se elite "opgraderings" koop – 'n dikker vel om skandale te oorleef, kosmetiese regstellings vir etiese lekkasies. Die dreigende besoek van die Compliance-beampte hou hulle op 'n mespunt en sny sake oop tot op die been ... en daar is geen "tradisionele", pasgemaakte oplossing wat daarvoor kan vergoed nie. Maar ons is Suid-Afrikaners: ons tradisies, soos ons morele waardes, is plooibaar. Die toneelstuk lewer kritiek op Suid-Afrika se wetgewende kwotas, transformasieraamwerke en ekonomiese hekwagters.

**Stephanie Hough** het in die 1990's 'n honneursgraad aan die dramadepartement aan die Universiteit Stellenbosch voltooi. Sy het vervolgens in talle verhoogproduksies oor Suid-Afrika heen opgetree, in Engelse en Afrikaanse toneelstukke en musiekblyspele by verskeie kunstefeeste, voordat sy haar meer onlangs tot film en televisie gewend het. Saam met haar man, Gaerin Hauptfleisch, is sy die mede-eienaar van Spektrum Produksies, 'n 30 jaar oue kinderteatergeselskap waarvoor sy produksies geskryf, gekomponeer, gechoreografeer en geregisseer het, wat so ver as Dubai opgevoer is, asook opdragwerke vir verskeie organisasies. Die afgelope dekade werk sy saam met die Pearson Learning Institute om Engelse taalstandaarde in Suid-Afrikaanse skole te evalueer, en sy staan tans aan die hoof van die teaterdepartement by The Stage Performing Arts Studio.

**You have to give up a part of "what makes sense" to make the pattern work.**

# ERKENNINGSLYS

## Kunste Onbeperk-personeel
Hugo Theart, Lizané Basson, J.C. Aucamp, Daventia Kennedy, Adrian Patrick, Colleen Swartz, Ashlene Rittels, Astrid van Ster, Cole Wessels en Bernard le Roux (Dryland Africa)

## Programontwerp
Roeché van Zyl (The Makery)

## Fotograaf
Nardus Engelbrecht

## Videograaf
Gys Loubser

## AV en stroming
DPK: hello@dpk.co.za

## Tegniese versorging
Franky Steyn (beligting), Adrian Kruger (klank) en Chris Spogter & Wayne Jacobs (agterverhoog)

## Bedankings

**NATi**
Cornelia Faasen en direksie

**Baxter-teater**
Lara Foot, Jeremy Blackburn, Fahiem Stellenboom, Beth Jeffery, Marisa Steenkamp, Mdu Kweyama, Jeanne Steenkamp, Libie Nel en die Baxter-teaterpersoneel.

**La Cuccina at The Baxter**
Restaurant



wat steek in jou?

nati

NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

www.nati.org.za

# BECOME A

# BAXTER COFFEE ANGEL.

*Our stages. Your stories.*

FROM ONLY
**R50**
PER MONTH

thebaxter.co.za